# sprak of sprook

# en ander gedigte

## Werkboek

S. Roux
L. Roux

VoorsprongBoeke

VOORSPRONG BOEKE

ISBN: 9780639950266

# INHOUDSOPGAWE

**LITERêRE STYLMIDDELS** .......................................................... 3

**GEDIGTE**
*Saalhulp* – Kobus Lombard .......................................................... 15
*Oppie Cape Flats* – Willem Fransman (junior) .......................................... 19
*Krokodil* – Johann de Lange .......................................................... 25
*Die tarentaal* – Totius .......................................................... 31
*Die snoek* – Barend Toerien .......................................................... 36
*Sterrekyker* – Franci Greyling .......................................................... 39
*Testament* – Kobus Lombard .......................................................... 44
*Here Be Dragons* – Izak de Vries .......................................................... 48
*Ek het 'n huisie aan die Rand* – Pirow Bekker .......................................... 50
*katie melua* – Cas Vos .......................................................... 58

**BRONNELYS** .......................................................... 59

VoorsprongBoeke

# Literêre stylmiddels

VoorspoedBoeke

## 1. STROFEBOU

Hier gaan dit oor hoeveel versreëls daar in elke strofe is.

### 1.1 Koeplet

ŉ Strofe wat uit TWEE versreëls bestaan, word ŉ koeplet genoem.

### 1.2 Tersine

ŉ Strofe wat uit DRIE versreëls bestaan, word ŉ tersine genoem.

# *Saalhulp*

## Kobus Lombard

1. Watter werk doen ŉ "saalhulp" (titel)?

___________________________________________

___________________________________________

2. Waarom is die titel "Saalhulp" meer funksioneel as "Die saalhulp"?

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

3. “Taxi” is ’n selfstandige naamwoord. Waarom word dit in reël 1 as ’n werkwoord gebruik?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4. Watter DRIE woorde in reëls 1-3 toon aan dat die vrou nie ’n keuse het ten opsigte van haar vervoer nie?

______________________________________________

22. Die spreker lewer sosiale kommentaar in hierdie gedig.
Bespreek die stelling.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

VoorsprongBoeke

# *Oppie Cape Flats*
## Willem Fransman (junior)

1. Waarom, dink jy, dra die digter hierdie gedig op aan Toon van den Heever <u>met apologie</u>?

___________________________________________

___________________________________________

2. Daar is talle verskille tussen hierdie gedig en die interteks, "In die Hoëveld". Daar is egter ook ooreenkomste.

5. "en djy skaars die hiemel boe kan sien" (r. 2)

   5.1 Wat is die denotatiewe betekenis van "hiemel" (r.2)?

   ___________________________________________

   5.2 Wat is die konnotatiewe betekenis van "hiemel" (r. 2)?

   ___________________________________________

6. Waar speel die seuns van die Cape Flats?
Motiveer jou antwoord deur twee reëls aan te haal.

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

27. Waarom kan gesê word dat die laaste strofe die sikliese aard van armoede en misdaad illustreer?
Bespreek volledig.

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

VoorsprongBoeke

28. Wat is die funksie van die uitroepteken in reël 15?

# *Sterrekyker*
## Franci Greyling

1. Wie kan die sterrekyker wees? Gee DRIE moontlikhede.

2. Hoeveel briewe skryf die spreker aan die man op die maan? Motiveer jou antwoord.

3. Wat is die funksie van die aandagstreep in reël 1?

4. Waaroor handel reëls 3-6?

5. Waaraan herinner die manier waarop die brief gestuur word?

7. Waarom kan gesê word dat reëls 7-8 nie letterlik bedoel word nie?

Voorsprongboeke

8. Wat kan 'n mens wel deur die lugruim sien trek?

9. Waarna kan "'n duisend briewe" (r. 10) moontlik verwys?

10. Watter tipe beeldspraak tref ons in reëls 7-10 aan? Verduidelik jou antwoord.

11. Dink jy die man op die maan het sy brief gekry? Motiveer jou antwoord.

12. Wat is die funksie van die parentese in reël 12?

VoorsprongBoeke

# *Here Be Dragons*

## Izak de Vries

1. Waarna verwys die titel van die gedig ten op sigte van:

   1.1 die Middeleeue?

1.2 die moderne tyd waarin die gedig geskryf is?

2. Om iets kaf te draf.

2.1 Wat beteken bostaande uitdrukking?

2.2 Wat beteken dit spesifiek in reël 2?

3. Gee die Afrikaanse woord wat deesdae gebruik word in plaas van "kodewoord" (r.1).

4. Wat is die funksie van die inversie in reëls 1-2?

8. Gee TWEE funksies van die beklemtoning van die woord wéét (r. 9).

VoorsprongBoeke

9. Wanneer plant ŉ mens ŉ vlag?

14. Dui die VERSKIL in toon aan in die strofes vóór die wending en die strofes daarná.

15. Vanaf strofe 6 word die spreker se vrese en vrae belig.
Watter woorde dui op gevare wat in die kuberruim skuil?

16. Watter ander Afrikaanse woord word eerder as "komperkraak" (r. 20) gebruik?

21. Wat is die boodskap wat hierdie gedig aan ouers bring?

22. Wat is die funksie van die vrye vers in hierdie gedig?

VoorsprongBoeke

# *Ek het 'n huisie aan die Rand*

## Pirow Bekker

1. Watter gedig is die interteks van hierdie gedig?

______________________________________________________________

## BRONNELYS


Janse van Rensburg, Carine (samesteller): *sprak of sprook en ander gedigte*, Maskew Miller Longman, 2015.


VoorsprongBoeke